# Hy verkwik my siel

Artikel geskryf deur Gary Kieswetter

*Psalm 23:3 "Hy verkwik my siel."*

Wanneer God jou siel verkwik, restoureer Hy jou. Jou siel, jou denke, emosies en jou wil. As ons so luister na wat om ons gebeur, kom ons agter dat mense se emosies maklik met hulle op hol loop. Hulle emosies wek drogbeelde op en dit is dan maklik om negatiewe dinge te spreek. Dood en lewe is in die mag van die tong en die person wat dit graag gebruik sal die vrug daarvan eet.

Niks buite God kan jou siel verkwik nie. Ons vrees baie maklik en partykeer is dit vir ons moeilik om by 'n plek van rus uit te kom. Maar dis juis dan wanneer ons na die Here toe moet gaan en Hom vra om ons weer innerlik te versterk.



Wanneer die Here jou restoureer, is jy beter as nuut. Jy het dalk onlangs baie slegte nuus ontvang en jy voel so stukkend soos 'n gebreekte koppie. Weet dat God kan alles weer nuut maak; wanneer God jou verkwik en jou restoureer, is jy weer so goed soos nuut!

## RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100


NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

# Die Rietfluit

JAARTEMA:
GESTUUR ....

Oktober 2016


## GESTUURDE GEMEENTES IS…

Gemeentes wat hulle bediening wil **fokus op dit wat God besig is om in die wêreld te doen**

**Daarom is hulle bewus…**

- **van hulle konteks**. Hulle weet dat Christendom - die tyd van 'n kerk met mag - aan die verdwyn is. Hulle nie verwag dat almal rondom hulle Christene is nie. **Hulle kan die vraag Waar is ons? beantwoord;**
- **dat die Bybel en gebed hulle as individue en gemeente vorm** soos wat hulle deelneem aan God se sending. Hulle laat God se Gees deur hulle werk en hulle bemagtig om risiko's te neem ter wille van die Evangelie. **Hulle is besig om die vraag Wie s'n is ons? te beantwoord;**
- **van hoe God rondom hulle en in die wyer wêreld besig is.** Hulle leer meer van God se sending van die verlossing, herstel en versoening van die wêreld deur Jesus Christus. **Hulle kan antwoorde gee op die vraag, Wat is God besig om te doen?**
- **dat God deur sy Woord en Gees met die gemeente praat.**

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

Daarom weet hulle hoe om te onderskei en te luister na God se spesifieke roeping vir hulle. **Hulle ken hulle gestuurde roeping en is bereid om daarop met dade te reageer.** Hulle is besig om oor grense heen uit te reik ter wille van die Evangelie. **Hulle kan die vraag, Hoe is God besig om ons te stuur? Beantwoord;**

- **van hulle roeping om 'n teken en 'n voorsmaak van die toekoms wat God vir die hele wêreld is wees.** Hulle lewer getuienis van Jesus Christus in hulle uitreike soos wat hulle ander uitnooi om burgers van God se koninkryk te word. Wanneer hulle saam as gemeente is, is hulle ook 'n getuienis van die Evangelie. **Hulle is besig om die vraag, Hoe is ons as kerk nou besig om te lewe volgens die patroon van God se toekoms? te beantwoord.**

***Liewe gemeentelid: kom ons fokus ons bediening in en vanuit Rietfontein-Suid op dit wat God besig is om in die wêreld te doen.***

(Vanaf http://communitas.co.za/vennote/savgg/savgg-blog/gestuurde-gemeentes-in-n-neutedop/ verkry)

## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **10 Okt:** Skole open
- **16 Okt:** Visiediens @ 9:00
  Nagmaal @ 18:00
- **30 Okt:** Gemeente-ete @12:00
  Youthbash @18:00

Sien jou daar!



## FAMILIE DAG – SATERDAG 22 OKTOBER 2016



**Oom Karoolus en Lente kom kuier!**

**Program vir die dag:**

14:00-15:00 Oom Karoolus en Lente kom kuier (1 uur van kinder teater vol verrassings en pret!), mamma's en pappa's kom kyk saam met die jongspan!!!

15:15 Bring en braai by die kerk

Koste : R20 per volwassene, R10 kinders onder 12

Adres: NG Kerk, Rietfontein Suid (16de Laan 615, Rietfontein)

**NAVRAE:**
*Philip Langenhoven – 082 8900377*
*Peet Dorfling – 084 4647102*

**Baie pret vir die jongspan, waterwurm, springkasteel, speletjies!**

## VERTONING: "DIE WAGKAMER"

Deur: Elize Cawood en Wilson Dunster

Dit is 'n uiters goeie toneelstuk oor 'n ouer paartjie wat in die wagkamer sit by die ouetehuis.

Datum: 4 November 2016
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: NG Kerk Rietfontein-Suid
Ingang is R100 p/p

Kontak Wilhelm by 0833065664 vir verdere navrae

# MOOT CARE FUNKSIE

Die Moot Care funksie van 19 Augustus was 'n groot sukses. Baie dankie aan almal en ook die gaskunstenaar, Dewald van Solms, se harde werk wat dit vir ons so 'n lekker aand gemaak het.




**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za


## OPGRAWINGS IN ISRAEL

**Sondagmiddag 23 Oktober 2016**; Aksie Plus nooi die hele gemeente en ander belanstellendes uit vir 'n praatjie oor "OPGRAWINGS IN ISRAEL". (Is Bybel reg?)

Mev Magda Le Roux van UNISA is self betrokke met opgrawings in Israel en Griekeland en is bereid om haar ervarings met ons te kom deel. Praatjie is omtrent 1 uur lank.

Daarna drink ons tee,koffie of wat jy ook maar saambring .

WAAR? NG Kerk Rietfontein-Suid, kerksaal

HOE LAAT? 14h00

KOSTE? Net R10. Vir volwassenes en onder 12 jr is GRATIS.

NAVRAE: Luuk Hepkema 012 3301400 of 0833240613

## Aksie Plus besoek Freedom Park - 14 Augustus



# DIENSGETUIENIS-BEDIENING

## HUIS QUANESSA



Een van die plekke waar Diensgetuienisbediening in ons gemeente betrokke is, is Huis Quanessa (op die hoek van Swemmerstraat en 12de laan).

**Huis Quanessa** is 'n spesiale versorgingshuis wat fokus op kinders met verskillende grade van gestremdhede. **Kinders van enige ouderdom, geslag en ras word hier versorg.**

Huis Quanessa het in 2003 ontstaan toe ‘n gestremde dogtertjie met die naam **Quanessa** dringend versorging benodig het. Dit het gelei tot vandag se huis vol kinders.

Die holistiese omvang van die versorging van die kinders dek o.a. verpleging, stimulasieprogramme en voorsiening in gespesialiseerde voedingsbehoeftes. Dit plaas die huis onder erge finansiële druk, en dit vra baie persoonlike aandag, tyd en liefde vanaf Huis Quanessa se personeel.

Huis Quanessa kry slegs vir enkele van die kinders staatshulp, en is verder **aangewese op mense soos u wat ‘n bydrae kan maak** tot die *maandelikse* uitgawes tov die kinders se versorging.

**Indien u voorsien, kan Huis Quanessa die kinders versorg!**

**HOE?**

U kan Huis Quanessa besoek, u kan vir die kinders en die personeel bid, u kan die personeel gaan aanmoedig en bemoedig, u kan finansieel bydra (of dit self aankoop) tot die maandelikse benodigdhede soos skoonmaakmiddels, doeke, kos en drinkgoed, seep en tandepasta.

**U kan ook ‘n vaste maandelikse bydra maak via die Voorsienvirn-Kind (Vi’nK)-projek.** Hiermee kan u met ‘n vaste bedrag maandeliks per debietorder of per internetbetaling bydra.



Broer en Suster: **“Word asb ‘n Vinkie, en voorsien vir ‘n Kindjie”.**

Op hierdie wyse kan u met ‘n maandelikse bedrag ‘n afvlerkkindjie onder u vlerk neem en sorg dat hy of sy behoorlik deur Huis Quanessa se personeel versorg kan word.

**Vir navrae oor die Vinkie-Projek:**

**Stuur e-pos na** VoorsienVirnKind@gmail.com
**òf faks na** 086 668 0384.
U kan ook Ds Leon Tait, wat op die Bestuursraad van Huis Quanessa dien, kontak.

**Vir navrae oor die huis en kinders,** kontak Donette de Waal (die huis se bestuurder) by 083 644 5906 of die huis se stigter Jan Niewoudt by 083 273 3393.

**VIR ALGEMENE BYDRAES:**
**HUIS QUANESSA**
**ABSA Ben Swartstraat**
**Tjekrek 408 252 7226**

***Gaan kyk na ‘n video oor HUIS QUANESSA:*** http://youtu.be/wMMczWGdrj4

**KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE**

KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
**Kom maak jou musiek-droom waar!**
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.
**Kontak Kobus Nel 082 961 9425**.